SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES



2 SINSPELINGS, BEELDE, SIMBOLE: HOE OM BYBELPROFESIE TE BESTUDEER

Inhoudsopgawe

1 **'n Paar beginsels vir profetiese uitleg**—*29 Maart tot 4 April* — *4*

2 **Die Génesisgrondslag**—*5 tot 11 April* — *12*

3 **Lesse uit die huwelik**—*12 tot 18 April* — *20*

4 **Die Nasies: Deel 1**—*19 tot 25 April* — *28*

5 **Die Nasies: Deel 2**—*26 April tot 2 Mei* — *36*

6 **Om die offerstelsel te verstaan**—*3 tot 9 Mei* — *44*

7 **Grondslag *vir* die profetiese woord**—*10 tot 16 Mei* — *52*

8 **In *die* Psalms: Deel 1**—*17 tot 23 Mei* — *60*

9 **In *die* Psalms: Deel 2**—*24 tot 30 Mei* — *68*

10 **Op wie die eindes *van* die eeue gekom het**—*31 Mei tot 6 Junie* — *76*

11 **Rut *en* Ester**—*7 tot 13 Junie* — *84*

12 **Voorlopers**—*14 tot 20 Junie* — *92*

13 **Beelde *van die* einde**—*21 tot 27 Junie* — *100*

Redakteurskantoor
12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD 20904, U.S.A.

Besoek gerus ons webwerf by:
http://www.absg.adventist.org

Hoofbydraers
Shawn Boonstra

Redakteur
Clifford R. Goldstein

Subredakteur
Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder
Lea Alexander Greve

Redaksionele Assistent
Sharon Thomas-Crews

Pacific Press®-Koördineerder
Tricia Wegh

Illustrasie en Ontwerp
Lars Justinen

© 2025 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk®. Alle regte word voorbehou. Geen gedeelte van die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* (Standaarduitgawe) mag geredigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Divisiekantore van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® het toestemming om te reël vir die vertaling van die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes. Dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste," "Adventiste," en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie.

Die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes word deur die kantoor van die Bybelstudiegids vir Volwassenes van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste voorberei. Hierdie studiegidse word deur die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), beheer, en is ook die uitgewer van die Bybelstudiegidse. Die Bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad, en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie.

Lys van Bybelvertalings
Skrifverwysings vir die tweede kwartaal 2025 word hoofsaaklik uit **Die Bybel in Afrikaans © 1933, 1953**, met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, aangehaal. Alle regte word voorbehou.

Vooropgestelde idees en uitlegte oor Profesie



Gedurende die Eerste Golfoorlog (1991), was 'n welbekende Protestantse skrywer en spreker daarvan oortuig dat die boek van Openbaring hierdie konflik voorspel het. Sy argument was gebaseer op die feit dat sommige van die helikopters wat in die oorlog gebruik was, net soos die sprinkane wat in Openbaring 9 uitgebeeld word, gelyk het. "En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister. En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het" (*Openbaring 9:2, 3*).

Dis nie juis die beste manier om bybelse profesie te vertolk nie, nie waar nie? En tog kom interpretasies soos hierdie nogal dikwels voor. Inderdaad, deur die eeue heen het 'n oorvloed van boeke, artikels, en video's en deesdae ook webblaaie, oor die uitleg van profesie die lig gesien, wat baie voorspellings oor eindtydgebeure en selfs datumbepalings ingesluit het, en wat gewoonlik op oorloë of onrus in die Midde-Ooste toegespits was.

En dis nogal opvallend dat in elkeen van daardie gevalle die voorspellings nie bewaarheid is nie.

As Sewendedag-Adventiste het ons 'n ander benadering, 'n meer Christus-gesentreerde benadering, deurdat ons profetiese fokus nie net op 'n enkele geografiese ligging in die Midde-Ooste en watter militêre konflik daar ook mag plaasvind, gerig is nie. Maar, in plaas daarvan, kyk ons na die profesieë deur die lens van die groot stryd tussen Christus en Satan — 'n wêreldwye geestelike stryd wat 'n klimaks sal bereik wanneer God se volk, Jood en nie-Jood (*lees Openbaring 12:17 en 14:12*), voor die finale krisis te staan gaan kom, naamlik om alleenlik die Skepper te aanbid (*lees Openbaring 14:7*), in teenstelling met die aanbidding van die dier en sy beeld.

’n Belangrike beginsel om hierdie eindtydprofesieë te verstaan, word in Daniël 2 gevind waar daar nie net die historiese hooftrekke van die profesieë gevind word nie, maar ook die grondbeginsel oor hoe om dit te verklaar.

Daniël beeld vier wêreldryke uit —Babilon, Medo-Persië, Griekeland en Rome — wat dan opgevolg word deur God wat sy ewige koninkryk tot stand bring, “ ‘. . . wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar ’n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan’ ” (*Daniël 2:44*). Die parallelle profesieë in Daniël 7 en 8 bevat dieselfde basiese hooftrekke, naamlik die wêreldryke wat ontstaan en verdwyn totdat God se koninkryk vir ewig gevestig gaan word.

In Daniël 7 interpreteer die engel dit volledig vir ons: “ ‘ “Hierdie groot diere wat vier is – vier konings sal uit die aarde opstaan; en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid” ’ ” (*Daniël 7:17, 18*).

In al hierdie skrifgedeeltes, en nog meer, vind ons beelde, simbole en metafore wat, indien dit biddend bestudeer word in ’n nederige en onderdanige gees . . . sal help om die eindtydprofesieë, spesifiek in Openbaring, vir ons duidelik te maak.

Vier wêreldwye koninkryke (Babilon, Medo-Persië, Griekeland en Rome) beweeg in ’n onafgebroke volgorde deur die geskiedenis totdat God sy ewige koninkryk tot stand bring, na die tweede koms van Jesus.

Natuurlik is ons nog hier, nog in die tyd van Rome, die vierde en finale aardse koninkryk voordat Christus terugkom.

Met hierdie historiese perspektief as die fondament van hoe om die profesie te verstaan, gaan ons hierdie kwartaal konsentreer op die tema oor hoe om Bybelprofesie te interpreteer en te bestudeer, en met die spesifieke fokus op sommige van die sinspelings, verhale, beelde en metafore wat die profetiese waarheid en die eindtydgebeure openbaar.

Ons begin by die skeppingsverhaal van Genesis – wat ook belangrik is om nie slegs profesie te verstaan nie, maar ook dit wat daarop volg, veral die kruis en die versoeningsdood van Jesus – en beweeg dan na die toring van Babel, die heiligdomdiens, die Psalms en selfs na sommige van die Ou Testamentiese huwelike. In al hierdie skrifgedeeltes, en nog meer, vind ons beelde, simbole en metafore wat, indien dit biddend bestudeer word in ’n nederige en onderdanige gees (indien jy die Bybel benader met ’n rebelse hart, mors jy jou tyd), sal help om die eindtydprofesieë, spesifiek in Openbaring, vir ons duidelik te maak.

Een kwartaal is beslis nie genoeg om selfs te begin om al die verhale en beelde te bestudeer wat help om profetiese waarheid te openbaar nie. Wie weet – ons mag dalk die ewigheid nodig hê om dit te doen. Tot dan, deur God se genade, sal ons dit wat ons kan, bestudeer.

Shawn Boonstra is spreker/direkteur vir die Voice of Prophecy-bediening. Sy uitsendings en boeke was al ’n bron van inspirasie regoor die wêreld, en deur die jare het hy persoonlike evangelie-uitreikdienste op elke vasteland, behalwe Antartika, aangebied.